redakteursbrief

"Jy wil **wát** gaan swot?!"

Dramastudente kon jy op 'n myl uitken. As dit nie boheemse of Oosterse rokke is wat besaai is met blinkertjies en groot gekleurde krale nie, dan was dit kledingstukke wat met opset nie bymekaar pas nie of selfs 'n rok bo-oor jeans én kaalvoet. Die hare is deurmekaar en lyk soos iets uit 'n Star Wars-fliek – alles net om 'n statement te maak.

Dis die prentjie van dramastudente wat in my kop vasgesteek het toe ek 'n student was – en ek was maar bietjie lugtig vir hulle.

Hulle kon tog so, wel, dramaties wees. Boonop het ek die idee gehad dat dramastudente nooit skaam was nie. Groot handbewegings en die oë wat rol saam met 'n verduideliking van hoekom Julian's die beste scones en Café Latté's in Stellenbosch het.

Ja, ek veralgemeen! Amper soos om te sê dat landboustudente altyd lang rugbykouse en boots saam met 'n kortbroek klas toe gedra het en studente in die Regte uitgevat was in 'n snyerspak en klas gedraf het met 'n aktetas. (BRek-studente het 'n reeks penne in hul boonste sakke gedra, maar nou begin ek moeilikheid soek.)

Musiekstudente het ek weer gedink leef in 'n ander wêreld en het net af en toe aarde toe gesweef. In die kerk het hulle jou sommer vinnig laat verstaan dat jy die betrokke gesang te hoog ingesit het of dat dit hoog tyd is dat die orrel ingestem word. En as jy gedink het húlle was van die noot af, dan moet jy hoor hulle het eintlik deskant gesing.

Genoeg van die veralgemenings. Is dit nog die moeite werd om drama of musiek te studeer? En hoe baie ouers reageer nog met 'n "Jy wil wát gaan swot?!" by die aanhoor van hul kinders se planne om Hollywood te verower. Of 'n "Waar gaan jy werk kry, my kind?" as hulle hoor dat die klavierlesse nie net 'n stokperdjie was nie.

Om hierdie vrae te antwoord, het ons nie net by die Departemente Drama en Musiek gaan kers opsteek nie, maar gesels Oudmatie Natalia da Rocha met ons.

• Hierdie uitgawe van *Matieland* kry jy bietjie later as gewoonlik. Die rede daarvoor is dat ons besluit het om eers te hoor wie die nuwe rektor is. Ons vertel meer van Russel Botman in die volgende uitgawe, maar op bl 5 gee ons 'n kort skets. Sit agteroor en geniet hierdie uitgawe!

Groete
Martin Viljoen

Matieland is (amper) 50 jaar oud.

In 2007 vier *Matieland* (sover bekend die oudste universiteitsblad vir alumni in Suid-Afrika) sy 50ste verjaarsdag. In die volgende uitgawe vertel ons meer van hierdie besonderse mylpaal. Maar ons kan dit net suksesvol doen as Oudmaties wat in die laat 1950's studente op die Bos was vir ons help. Hoe het Stellenbosch gelyk? Wie was die karakters op die Bos? Waar het julle gekuier? Komaan, skryf vir ons.



In *Matieland* 2006:1 we asked alumni to make suggestions on how we can cater for a growing number of non-Afrikaans speakers. Thank you very much for a good number of responses from inter alia Gerald Meke, Malawi, Mpho Kelosiwang, Botswana, and Gideon van der Merwe, Strand.